
DIE TOWERSKULP
COLOURING BOOK
Written by Jungle Theatre • Illustrated by Adam Carnegie
JUNGLE
THEATRE COMPANY
EDUCATIONAL-INTERACTIVE-ENVIRONMENTAL

Molweni! Hehehe! Wanneer ons "Molweni" sê, moet julle "Molweni" terug antwoord, want dit is hoe ons mekaar groet. Kom ons probeer weer. "Molweni!"

Ewe! Baphulaphuli, seuns en dogters, dames en here! Ons gaan vir julle 'n storie, ibali, vertel. Dis 'n storie oor waar stories vandaan kom. Dit is 'n Zulu-volksverhaal. Ons gaan die storie vir julle in Afrikaans en isiXhosa vertel. isiXhosa klink 'n bietjie soos isiZulu. Is julle gereed? Hehehe! Sê "YEBO!" as julle gereed is!

Wonderlik! Dit het alles lank, lank, lank Kudaladala, gelede gebeur... ixesha lamandulo ... so lank gelede dat dit in die tyd was toe die eerste vrou op die aarde gewoon het ... en die eerste man, indoda yokuqala! Hierdie eerste vrou se naam was Manzandaba.

"Yebo ... en my man, Zenzele!" sê Manzandaba.

"Yebo, mfazi wam, hier is ek my liewe vrou," sê Zenzele en gee vir Manzandaba 'n soen.

Manzandaba en Zenzele het in 'n klein tradisionele Zulu-dorpie gewoon. Yebo, hulle het in 'n ronde hut in 'n kring hutte om 'n vuurmaakplek gewoon. Hulle het 'n paar Inkukhu gehad.

"Pik, pik, pikêêk," maak die hoenders.

... 'n paar Ibhokhwe ... ...

"Mwe, mwe, mwee," maak die bokke.

En hulle het tien kinders gehad! Yoh! Dis baie kinders! Abantwana abaninzi!

Hulle het die hele dag gewerk, besebenza. Hulle het mandjies geweef, kos gemaak, hout gekap en die grond bewerk. Eintlik het Manzandaba die meeste van die werk in en om die huis gedoen. Zenzele het beelde uit hout gekerf en gejag! Ezingela!

Zenzele het pragtige voëls uit dryfhout gekerf wat hy op die strand opgetel het. Hulle huis en werf was vol pragtige kunswerke wat Zenzele, die houtsnyer, gemaak het.

Saans sou hulle saam met die hele familie om die vuur sit. Een aand, terwyl hulle almal na die vlamme staar, sê Zenzele:

"Yoh, Manzandaba, dis te donker om te weef of te kerf, maar dis te vroeg om te gaan slaap."

Skielik roep die kinders, "Mama, ons wil stories hê! Vertel vir ons stories, Mama!"

"Hayi! Watter stories kan ek vir julle kinders vertel?" sê Manzandaba.

"Asseblief Mama, sicela amabali, Mama," smeek die kinders.

"uXolo bantwana, ek het nie stories om te vertel nie," sê Manzandaba.

"Awu Mama siborekile!" sê die kinders.

Manzandaba en Zenzele het geen stories gehad om te vertel nie. Babenganalo ibali. Dit was baie vervelig, en die hele familie moes maar gaan slaap.

"Koekedoedeldoe!!" Die volgende oggend word Zenzele wakker en roep sy vrou.

"Manzandaba! Yiza mfazi wam!"

"Yebo, tata!" sê Manzandaba.

"Mfazi wam, ek het die mooiste droom oor stories gehad. Ek het gedroom jy het stories vir jou mense gevind! Wil jy nie asseblief na stories gaan soek nie, uyokhangela amabali?" vra Zenzele.

Manzandaba lag. “Wie sal na die huis en die kinders kyk?”

“Ek sal! Ek sal skoonmaak, kos maak, hout kap, water gaan haal en na die kinders kyk. As jy tog net stories vir ons mense sal terugbring, ubuye namabali,” sê Zenzele.

“Yoh, Zenzele. Sal jy dit regtig doen as ek stories gaan soek?” vra Manzandaba.

“Yebo Manzandaba” sê Zenzele.

“Nou goed dan. Ek sal stories vir ons mense gaan soek,” sê Manzandaba.

“Enkosi kakhulu mfazi wam! Ndiyakuthanda!” sê Zenzele.

“Ek is lief vir jou ook, Zenzele,” sê Manzandaba.

Hulle gee mekaar ’n stywe drukkie.

Manzandaba vat haar sak en groet haar kinders, wat in die sand speletjies speel.

“Salani kakuhle bantwana bam.”

“Hayibo Mama ungasishiyi!” protesteer die kinders.

“Ek sal stories terugbring,” antwoord Manzandaba.

“Uyathembisa, Mama?” vra die kinders.

“Ewe, ek belowe,” antwoord Manzandaba.

“Goed, Mama. Totsiens,” sê die kinders terwyl hulle waai.

“Uhambe Kakhuhle mfaziwam,” sê Zenzele terwyl hy vir sy vrou waai.

Manzandaba stap uit die dorpie en in die woud in terwyl sy hierdie liedjie sing oor haar soektog na stories.

“Ndiyahamba, ndisendleleni, Ndiyokukhangela amabali! Hee lele lelee!”

In die woud sien Manzandaba pragtige veldblomme en sy hoor voëls tjirp.

Manzandaba besluit om elke dier wat sy teëkom te vra of hulle stories het om te deel.

Die eerste dier wat sy teëkom, is ’n regte skelm, inyakanyaka! Maar sy dink tog dis beter om hom in elk geval te vra. Dit is Mvundla, die haas. Mvundla is besig om ’n gat te grawe toe Manzandaba hom groet.

“Molo Mvundla?”

“Yoh ... hahaha ... jy het my laat skrik ... Molo sis ...” sê Mvundla.

“Ewe boetie. Ken jy enige stories?” vra Manzandaba.

“Stories?” vra Mvundla.

“My mense is honger vir stories! Balambele amabali,” verduidelik Manzandaba.

“O, amabali! Yebo, ek ken honderde, duisende, nee – miljoene stories, Owu, ndinamakhulukhulu!”

“Ag, asseblief, Mvundla, gee tog vir my ’n paar sodat ons gelukkig kan wees, nathi sivuye!”

"Wil jy dalk 'n storie hoor?"
Mvundla vra Manzandaba om sy rug te krap, en vir hom te dans en te sing in ruil vir stories.
"Soja, nou kan ons praat ... hier kom jou storie.... ... Lank, lank gelede kudaladala ... UmmmUhhhh ... Eina, ag nee, kyk waar sit die son. Dis te vroeg vir stories! Ek het nie nou tyd vir stories nie. Andinaxesha ngoku. Kan jy nie sien ek is besig nie? Stories in die middel van die dag? Jy is van jou lotjie getik, uyaphambana!" sê Mvundla.
"Dwase Mvundla! Hy jok vir my! Hy het nie enige stories nie!" roep Manzandaba en sy stap verder en sing.
"Ndiyahamba, ndisendleleni Ndiyokukhangela amabali."
Manzandaba is regtig moeg. Sy kom af op 'n plek waar sy op die sagte woudvloer kan gaan lê. Ndlovu die olifant kom verby en Manzandaba vra hom vir stories.
Ndlovu antwoord:
"Mntana wami, ek weet nie van enige stories nie. Maar ek ken die groot visarend, Ukhozi. Hy is die koning van die voëls, Inkosi yentaka, en hy vlieg baie hoër as die res. Dalk sal Ukhozi vir jou 'n storie vertel."
"Waar kan ek hom vind?" vra Manzandaba.
"Ek het hom laas by die mond van die groot uThugela-rivier gesien," antwoord Ndlovu.
"Baie dankie!" sê Manzandaba toe Nldovu die woud in stap.

Manzandaba sing vrolik terwyl sy die pad volg wat na die strand by die mond van die uThugela-rivier lei.
"Ndiyahamba, ndisendleleni, Ndiyokukhangela amabali."
Uiteindelik stap Manzandaba uit die woud uit en sien die pragtige blou Indiese Oseaan voor haar lê. Sy voel die sagte, warm sand tussen haar tone. Daar sien sy die mond van die uThugela-rivier waar dit in die see in vloei. Sy kyk oor die water van die groot riviermond en sien Ukhozi die reuse visarend wat met sy oë vasgenael op die water bo die rivier sirkel.
"khozi! ... khozi!!!" roep Manzandaba, maar sy kry geen reaksie van Ukhozi nie.
Kom ons help Manzandaba om Ukhozi te roep.
Reg, op 3: 1, 2, 3, Ukhozi!!!
"Hahaaaa!" roep Ukhozi.
Dit het gewerk! Ukhozi kom na Manzandaba aangevlieg en gaan sit op die strand langs haar. Sy sien Ukhozi se groot, skerp goue krom snawel en sy lieflike swart en wit vere.
Ukhozi sê: "Ek ken 'n wese wat die geheime van die diep, donker oseaan ken, ulwandle olumnyama olunzulu. Hy is my vriend, die

reuseseeskilpad, uFudo Lolwandle."
Ukhosi vlieg langs die kus oor die see en Manzandaba hardloop op die strand agter hom aan.
"Ek sien vir uFudo, Manzandaba, daar in die golwe naby die strand. uFudo sal jou na 'n plek toe vat waar jy stories sal vind!" sê Ukhozi.
Manzandaba hardloop in die branders in agter die reuseseeskilpad uFudo aan! Toe sy nader kom, sien sy die pragtige kleurvolle patrone op sy groot dop.
"uFudo!" roep Manzandaba.
"Yebo!" antwoord uFudo die reuseseeskilpad.
Manzandaba groet hom. "Molo Fudo! Ek is op soek na ..."
"... stories, ek weet." antwoord uFudo, "Ek sal jou onder die water indra na die Land van die Watergeesmense, izinyanya! Hou aan my dop vas, yiza!" sê uFudo toe hy Manzandaba met sy swempoot hoog tot bo-op sy groot dop tel. Manzandaba hou styf aan die patrone op die dop vas. uFudo swem dat die water spat met sy sterk swempote deur die branders na die diepsee. Manzandaba het geen idee waarheen sy gaan nie, maar sy sing en geniet dit!!
"Ndiyahamba, ndisendleleni, Ndiyokukhangela amabali"
uFudo swem verder in die see in met Manzandaba wat bo-op sy dop sit. Skielik druk uFudo sy kop onder die water om af te duik. Manzandaba neem gou 'n diep asemteug voor hulle onder die water verdwyn. uFudo duik dieper en dieper. Manzandaba is vreesbevange dat sy nie haar asem so lank onder die water sal kan ophou nie. Dis toe dat uFudo sê: "Manzandaba, asem die lugborrel onder my dop in."
Net toe verskyn 'n groot lugborrel onder uFudo se dop en Manzandaba sit haar lippe teen die borrel om die lug in te asem. Tot haar verbasing kan sy onder water asemhaal terwyl borrel na borrel verskyn. uFudo hou aan duik totdat hulle op die seebodem kom.
"Welkom by die onderwaterwêreld van die Watergeesmense, izinyanya," sê uFudo.
In hierdie pragtige onderwaterwêreld sien Manzandaba die koning en koniging van die Watergeesmense op hul trone van kleurvolle koraal sit. Die koning het 'n lang, wuiwende baard en die koningin 'n kroon van kleurvolle skulpe.
Die Watergeeskoning sê:
"Welkom in ons wêreld, Manzandaba."
"Molo Mhlonipheki, o groot Watergeeskoning en -koningin," antwoord Manzandaba.
"Ons sal vir jou stories gee in ruil vir 'n prent van jou huis en jou mense,"
sê die Watergeeskoning.
Toe tel uFudo vir Manzandaba tot op sy dop en hulle gaan huis toe om 'n prent te gaan soek.
"Yoh, mfazi wam! Ek kan dit doen! Ek kan 'n pragtige beeld uit hout kerf vir die Watergeesmense in ruil vir hul stories!" sê Zenzele.
Manzandaba keer terug na die onderwaterwêreld met die houtsneewerk van hul huis en hul mense en gee dit vir die Watergeeskoning. Die koning ontvang die geskenk en sê:
"Jou man, Zenzele, het talent. Wat 'n wonderlike kunswerk. Soos ek jou en jou mense

belowe het, gee ons vir jou die gawe van stories."
Hy druk sy hand in 'n seewiermandjie in en haal 'n groot kleurvolle skulp uit.
"Yoh Mhlonipheki, enkosi khakulu! Dit is die mooiste skulp wat ek al ooit gesien het," sê Manzandaba.
"Wanneer jy ook al 'n storie wil hoor, druk net hierdie skulp teen jou oor en jy sal 'n storie hoor!" sê die Watergeeskoning.
"Mhlonipheki, dankie, my koning, dat u so goed is vir ons," sê Manzandaba toe sy omdraai om te vertrek.
"Onthou, jou eerste storie begin met jou reis hierheen," sê die Watergeeskoning.
"Yebo Mhlonipheki" beaam Manzandaba en sy roep vir uFudo.
"Ewe Manzandaba," antwoord uFudo toe hy verskyn.
"Neem my huis toe," sê Manzandaba en sy sing heelpad huis toe.
"Sihambile, ixesh'elide, Sawafumana amabali."
Toe Manzandaba op die strand aankom, is haar familie en al die mense van die dorpie daar om haar te ontmoet. Sy is 'n ster. Wayeyikwenkwezi!
Hulle sit almal om 'n groot vuur en roep:
"Sibalisele ibali, Manzandaba! Vertel vir ons 'n storie, Manzandaba!"
Komaan, kom ons roep saam.
"Vertel vir ons 'n storie, Manzandaba, vertel vir ons 'n storie!"
Manzandaba haal die towerskulp uit haar sak en druk dit teen haar oor.
"Nal'ibali ... hier is die storie ..." sê Manzandaba vir die skare mense.
"Chosi chosi ngantsomi" sê Manzandaba, maar niemand antwoord nie.
"Wanneer ek "chosi chosi ngantsomi" sê, sê julle "chosi ntsomi" verduidelik sy en probeer weer.
"Chosi chosi ngantsomi."
Die mense antwoord, "Chosi ntsomi!"
En dit is waar stories vandaan kom. Manzandaba vertel vir die mense van haar dorpie alles van haar reis om stories te gaan soek. En toe, nadat sy na die towerskulp geluister het, vertel sy nog 'n storie, en toe nog een en nog een en nog een. Sy vertel storie na storie en die mense sing!

"Sihambile, ixesh'elide, Sawafumana amabali!"
Van toe af vertel al ons mense stories, en hulle sal aanhou om stories te vertel. En die beste manier om 'n storie te vertel, is om dit op jou eie manier te vertel. En dit is die einde van ons storie. Phela phela ngantsomi.

© Jungle Theatre Company 2020

THE MAGIC SHELL

JUNGLE THEATRE COMPANY

is a NPO that creates and performs theatre based on African folktales for children. This book is based on one of their plays. To listen to this story as an audiobook, read the full-colour e-book or find out where you can watch the play please visit

www.jungletheatre.co.za

sport, arts & culture
Department:
Sport, Arts and Culture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

www.jungletheatre.co.za

JUNGLE
THEATRE COMPANY
EDUCATIONAL-INTERACTIVE-ENVIRONMENTAL